SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION
GAUTENG

t: 012 436 0900 / e: saougau@saou.co.za / w: www.saou.co.za

Gauteng Nuusbrief | Newsletter

14/2019

17/04/2019

KENNISBOU: REMEDIëRENDE LEES – WERKSWINKEL	KNOWLEDGE BUILDER: REMEDIAL READING – WORKSHOP
Die SAOU is baie bekommerd oor die kwaliteit van leesonderrig in Suid-Afrikaanse skole. Die 2016 PIRLS verslag (Progress in International Reading Literacy study) het bevind het dat 78% van graad 4 en 49% van graad 5 leerders in Suid-Afrika nie met begrip kan lees nie. Wat graad 4 leerders betref, het Suid-Afrika die heel swakste van 50 deelnemende lande regoor die wêreld gevaar. In die lig van bogemelde ontstellende statistiek het die SAOU en Stimulus Maksima hande gevat en word daar 'n werkswinkel aangebied om taalopvoeders te ondersteun en te bemagtig. Die werkswinkel sal interaktief wees en fokus op die volgende aspekte: • Agtergrond van lees in Suid-Afrika • Die onderbou van lees • Taalhandelinge • Fases en fasette van leesontwikkeling • Oorsprong van leesprobleme en sleutels tot oplossings. Hier sal van gegradeerde leesstukke en assesseringsblaaie gebruik gemaak word.	The SAOU is extremely concerned about the quality of reading instruction in South-Africa. The 2016 PIRLS report (Progress in International Reading Literacy study) found that 78% of grade 4 and 49% of grade 5 learners in South Africa cannot read with comprehension. The grade 4 South African leaners were the lowest achievers out of the 50 participating countries. In the light of these alarming statistics above, the SAOU and Stimulus Maksima decided to work together and present a workshop to support and empower language teachers. The workshop will be interactive and focus on the following aspects: • Background to reading in SA • The foundations of reading • Linguistic Actions • Phases and facets of reading development • Origins of reading problems and solutions. Graded reading passages and assessment sheets will be utilised.
Na afloop van die werkswinkel sal u ook graderingshulpmiddels en gegradeerde lesse van Gr 1-6 in Afrikaans en Engels ontvang. U sal ook 'n uitdeelstuk met 'n opsomming van die inhoud van die werkswinkel ontvang sodat u die inligting agterna in u klaskamer kan toepas.	After conclusion of the workshop you will receive grading tools and graded lessons from grade 1 – 6 in Afrikaans and English. You will also receive a hand-out with a summary of the content to be used in your classroom.
Taalonderwysers in die **grondslag-, intermediêre- en senior fase** word aangemoedig om hierdie werkswinkel by te woon.	Language teachers in the **foundation-, intermediate- and senior phase** are invited to attend this workshop.
Sluitingsdatum: 7 Mei 2019 **Die opleidingslokaal kan slegs 70 persone akkommodeer.**	**Closing date: 7 May 2019** **The training venue can only accommodate 70 persons.**

Kliek hier om te registreer / Click here to register